

## 31 Oktober      Psalm 46; (Teks: 46:2a, 8b, 12b)

### ***God is vir ons 'n toevlug***

Psalm 46 word die Luther-lied genoem. Party praat selfs van die Reformasie-psalm. Die opskrif lui kort en kragtig: "'n lied". Die kragtige openingsakkoord wat in verse 8 en 12 herhaal word is: "God is vir ons 'n toevlug en beskerming". Die gedruis van die waters, wat staan vir die onrustige opstand van die nasies teen God, word oorstem deur die almagsdade van die lewende God, die Skepper van alle dinge, die Bevryder van sy volk en Regeerder van die wêreld. Waar ons geneig is om op die gevare en bedreigings in die wêreld te fokus, word in die Hervormingslied op God, op God self, op die lewende Verbondsgod, die Almagtige en Getroue, gefokus - *daarop* dat Hy met ons is. Hy het sy absolute oormag oor alle magte van vernietiging in Jesus Christus se oorwinning oor sonde en dood en deur die Heilige Gees en sy vernuwende krag bevestig. Oor die triomf van die lewende, teenwoordige en besige God gaan dit in hierdie lied. Daarom word die nasies tereggewys: Laat staan en weet dat Ek God is en sy volk word tot bedaring gebring en opgeroep om op Hom alleen te vertrou. Hy is by ons. Die Reformatore het in 'n tyd toe die sekerhede van die Middeleeue in duie gestort het en die emansipasie (vrymaking) van die mens in die humanisme opgang gemaak het, op God self, die lewende God gekonsentreer. Dit is wat ons vandag in soortgelyke omstandighede by hulle kan leer. Ons moet altyd weer reformeer - ons telkens weer laat instem deur die suiwer note van hierdie Luther-lied.

Sing: Psalm 146:2 en 46:1

Ds. H. Dijkstra (Groblersdal)